

**29 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:9-21**

**Waar kom die goud in die Nuwe Jerusalem vandaan?**

Ons is nou lidmate van die strydende kerk, maar ons is op pad na die oorwinnende kerk. Johannes sien iets van die kerk ná die wederkoms.

Hy beskryf dit onder twee beelde: Die kerk as die vrou van die Lam, maar ook die kerk as 'n stad, die nuwe Jerusalem. Hierdie kerk is net soos die strydende kerk op die fondament van die leer van die apostels gebou. Dat die stad se hoogte, breedte en lengte dieselfde is, weerspieël die liefde van God (Ef 3:18).

Tog is daar 'n opvallende besonderheid. Twee maal word gesê dat die stad van suiwer goud is (vers 18 en 21). Ons weet hoe goud gevorm word. Dit word saam met die erts diep uit die aarde uitgehaal. Daarna word die erts in die "vuur van die smelters" weggebrand. In Mal 3:2 word gesê dat Christus soos die "vuur van die smelters" sal wees. In Mal 3:3 staan dat Hy as Regter sit om mense te "louter soos goud en silwer sodat hulle aan die Here 'n offer kan bring wat bestaan uit reg doen."

Petrus verklaar in 1 Pet 1:5 en 7 dat die "egtheid van ons geloof getoets moet word." Ons verstaan so moeilik waarom die Here deur sy Woord en Gees en deur die beproewinge in hierdie lewe met ons besig is. Hy maak die goud van die Nuwe Jerusalem bymekaar!

*Sing: Skrifberyming 45:1,3*

*Dr B Duvenage (Emeritus)*